# Hey! Brokkies Nuus
# Oktober 2012

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## Dit was die maand Oktober, die mooiste, mooiste maand vol "brokkies"






**1.[Storie van die maand: Gordonsbaai primêr]**: Hey! het van **22 tot 26 Oktober** elke pouse vir 'n halfuur die gebedsweek gelei. Die vuil teekoppie storie het die week afgeskop. Elke kind moes besef dat die Bybel in **Jesaja 49:16** sê dat God JOU naam in Sy handpalm gegrafeer het...Hy is lief vir ons en God wil ons graag gebruik maar ons moet eers "skoon" kom en sonde bely sodat Hy ons kán gebruik. Om daagliks meer as 100 kinders te sien wie in aanbidding God se aangesig soek was een van die grootste "wow" ervarings van die jaar. Daar is **gebid vir gesinne, skool se personeel, land se besluitnemers, wêreld.** Ek is baie opgewonde oor wat God besig is om in Gordonsbaai te doen. Sy Gees was teenwoordig! Daar was **14 kinders wie oorgawes gemaak** het op die laaste dag! Bid asb. vir hul geestelike groei.



Gordonsbaai se "aktrises" ☺

**2.Terugvoer oor verlede maand se gebedsversoeke :**

**1. Blaauwklippen:** Ek en Ina het op **16 Okt** hier begin met Bybel lesse- die opgewondenheid was tasbaar by die kinders! Ons is dankbaar oor die **nuwe bediening onder plaaskinders** wat baie na ons hart lê. Bid asb vir Henriette en Ina wie op weeklikse basis hier sal wees en in die kinders se lewens inbou.

**2.Courtrai laer en Klein Boishaai** in **Paarl:** Ons is saam bly oor die vordering wat gemaak word vir volgende jaar by hierdie skole. Opleiding is deur Chris Bester gedoen in Hoop vir Kinders aan aanbieders vir **2013.** Vandag die verblydende nuus gehoor van Boishaai dat 'n **40 minute weeklikse tydgleuf** toegestaan is! Ons sal poog om hulle by te staan in die proses van implementering.



Blaauwklippen se wonderlike kinders

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**

**3. Ander nuus:** Die saaltjie van die kerk in **Croyden** waar ons in 2010 tydens die sokker wêreldbeker 'n aanbieding gedoen het se deure het net nooit weer oopgegaan nie tot Julie 2012! Die Perelprojek het met 'n creche daar begin en ek is gevra om **boodskap te lewer by hul konsert/modeparade.** Wat 'n voorreg om weer daar te kon wees en die Evangelie kon deel met prettige powerpoint en mense geleentheid te gee om 'n keuse vir Jesus te maak. Dankie aan almal wie ingetree het. Saad is gesaai by veral ouers wie kom kyk het,nou laat God groei!



Croyden se pratige kleuters hou konsert –fantasties !

## WAARVOOR VRA ONS NOG GEBED DIE MAAND?

**1.Aanbieders vir Beaumont** se Engelse gr 4 en 6 klasse vir 2013. Hier word agt mense benodig wie opgelei sal word.

**2. Bonnytoun:** gee ekstra tyd op Woensdae tussen 2 en 4 vir meer one-on-one sessies met seuns wat oorgawes gemaak het wat wonderlik is! Gewillig en bekwame mense om met die seuns te help word benodig.

**3.Klein Lochieland:** Magdel in gesprek met die pre-primêr van Lochnerhof in Strand vir 2013. Hier is 7 klasse kleuters.

Lochnerhof se gr 4 en 5's is mal oor Hoop vir kinders ♥

